

# Q&A

*Vayeshev*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Gen. 37:1- Gen. 40:23
**Haftarah:** Amos. 2:6 - Amos. 3:8
**B'rit Hadashah:** Han. 7:16; Mat. 1:1-6; Mat. 1: 16 -25

1. Wat beteken dit dat Josef vir Jakob 'n seun van die ouderdom was?
2. In Gen 37:2b staan: "En Josef het die slegte gerug oor hulle na hulle vader oorgebring." Beteken dit Josef was 'n "klikkiebek," of wat beteken dit, en hoe is dit 'n prentjie van Yeshua?
3. Waarom het Jakob Josef so spesiaal behandel en hom 'n lang rok gegee? Wat beteken dit?
4. Wat is die boodskap van Josef se twee drome, en waarom het die tweede droom sterker reaksies by sy broers ontlok?
5. Op watter manier kan Josef se optrede in Gen 37:12–14 gesien word as 'n profetiese beeld van Yeshua?
6. Wat het Josef se broers gedoen nadat hulle hom in die put gegooi het, en hoe is dit ironies in die lig van wat later in Egipte gebeur? Hoe weerspieël dit die bediening van Yeshua?
7. Wie het voorgestel om Josef nie te vermoor nie, maar aan slawerny te verkoop? Aan wie is hy verkoop en teen watter prys?
8. Hoe het Josef se spesiale kleed in die situasie van sy verkoop 'n rol gespeel, en watter verkeerde gevolgtrekkings is by die huis gemaak?

9. Wie het Josef uiteindelik aan Potifar in Egipte oorgelewer?

10. Wat beteken die Hebreeuse woord wat in Gen 38:1 vertaal word as “afgetrek,” waarin Juda weggaan van sy broers?

11. Hoeveel seuns het Juda gehad en wat is hulle name?

12. Juda het vir sy eersgebore seun Er ’n vrou gekies. Wat was haar naam?

13. Hoekom is Er oorlede en watter opdrag gee Juda toe vir Onan, sy tweede seun, ná die dood van Er? Wat noem ons hierdie opdrag?

14. Wat het met Onan gebeur, waarom kon Tamar nie met Juda se derde seun Shelah trou nie, en watter plan maak Tamar toe?

15. Watter belofte het Juda aan die vrou gemaak wat hom ontmoet het (Tamar in vermomming), en wat wys dit oor sy tydelike genot en gebrek aan verantwoording?

16. Waarom was Tamar nie tevrede met Juda se belofte van ’n bokram nie, en wat het sy van hom verlang? Wat is die geestelike betekenis hiervan?

17. Wat gebeur drie maande later en hoe besef Juda dat hy die pa van die tweeling is?

18. Wat gebeur tydens die geboorte van Tamar se kinders (Gen 38:27–29) en hoekom is dit opvallend of uniek?

19. Buiten dat Josef as gevolg van omstandighede in die tronk beland, bedien hy steeds ander:

19a. Wie se drome het Josef in die tronk uitgelê en hoe het hy dit gedoen?

19b. Dink jy mense kan geleer word om drome te interpreteer? Verduidelik jou antwoord.

19c. Verduidelik die interpretasie van drome eerstens vanuit 'n Griekse oogpunt en daarna vanuit 'n Hebreeuse oogpunt

20. Wat is die ooreenkomste en die geestelike boodskap wat Abba Vader vir ons gee in die gedeeltes wat ons hierdie week saam bestudeer: die Torah (Gen 37:1–40:23), die profete (Amos 2:6–3:8), en die Nuwe Verbond (Handelinge 6:1–7:16)?